**31 Januarie 2014**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13; 7:7-11 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:13b (1933/53-vertaling)**

## Ons bid bo alles om God te eer

Ons weet dat ons in ons gebede alles vir ons Here mag vra wat ons vir liggaam en siel nodig het. Ons moet egter nie net vassteek by ’n reeks versoeke waardeur ons allerhande stoflike en geestelike dinge van die Here wil ontvang nie. Wanneer ons bid, moet dit bo alles wees om Hom as die enigste ware God te eer.

Ons gebede moet iets weerspiëel van die engelesang by die geboorte van Jesus: Eer aan God in die hoogste hemele! (Luk. 2:14). Iets van die lof van die verloste gelowiges in die hemel wat uitroep: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! (Op. 7:10). Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dis nie iets is wat nog waar moet word nie, dit is alreeds so! Die werklikheid dat God Koning is oor alles en dat Hy in beheer is van alles. Die werklikheid dat Hy die Almagtige is en dat niks of niemand enige krag sou hê as Hy dit nie gee nie. Die werklikheid dat Hy die HERE is en dat selfs die son maar ’n dowwe skynsel is in vergelyking met die heerlikheid wat Hom omstraal.

Ons moet daarop konsentreer om ons gebede te laat begin én te laat eindig met die ware en diepe erkentlikheid dat al die lof en eer en heerlikheid God toekom. Só erken ons juis dat God alles wat ons nodig het vir siel en liggaam, vir tyd en ewigheid, reeds vir ons gegee het deur Jesus Christus, ons Here. Die Heilige Gees verseker ons immers dat ons om Christus ontwil deel het aan sý koninkryk, sý krag, sý heerlikheid! So allesomvattend!

Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Ds JH (Harry) Cilliers (Reitz)